# RIGLYNE VIR DIE SKRYF VAN

# SKRIPSIES EN WERKSTUKKE

Prof. R Marè
April 1996
Hersien: Maart 2008
Hersien: Jan 2015

**INHOUD**

I. Globale vormgewing, 3

1. Uitwendige voorkoms, 3
2. Uiteensetting, 3
3. Bronne gebruik, 3
4. Algemeen, 3

II. Algemene wenke, 4

III. Verwysingstegnieke volgens die Harvardmetode, 4

A. Bronverwysings in die geskrewe teks…, 5
B. Bronnelys, 10

IV. Titelbladsy vir skripsie, 18

V. Leidraad vir beoordeling van skripsie, 19

VI. Werk- en tydsrooster met die oog op die skryf van skripsie, 23

VII. Sake-indeks ten opsigte van verwysingstegniek, 24

# I GLOBALE VORMING

## 1. UITWENDIGE VOORKOMS

1.1 Omslag met titel op en naam van student

1.2 Titelblad:

a. Titel
b. Werksopdrag in (naam van vak)
c. Deur (naam van student)
d. Datum
e. Teologiese studente gebruik aangehegte voorbeeld.

1.3 Inhoudsopgawe: numereer, bladsynommers.

1.4 Inhoudsopgawe en opskrifte en sub-opskrifte moet korreleer met wat in die werkstuk self staan .

1.5 Skriftipe: Times New Roman of Arial

1.6 Skrifgrootte: 12

1.7 Tik 1½ spasiëring.

## 2. UITEENSETTING

2.1 Inleiding: Skryf 'n voorlopige Inleiding. Heel aan die einde word die finale Inleiding geformuleer. Dit bevat: probleemstelling; metode; doelstelling.

2.2 Lyf: logiese uiteensetting, behoorlik genumereer.

2.3 Slot: Slotsom, gevolgtrekking, samevatting, bevinding.

2.4 Kan oefen aan 'n Opsomming in Afrikaans en een in Engels.

## 3. BRONNE GEBRUIK

3.1 Bronnelys. Tegniek: Harvard (aangepas).

3.2 Bronverwysingstegniek in die teks self. Móét dit doen, anders is dit plagiaat. Direkte aanhalings net wanneer noodsaaklik en dan in aanhalingstekens.

## 4. ALGEMEEN

4.1 Werk met Spelreëls en Woordeboek byderhand.

4.2 Vreemde woorde in aanhalingstekens of in skuinsdruk. Indien die werkstuk in handskrif geskryf word, word onderstreep.

4.3 Genitiewe "sy" altyd in kleinletter. Woord-hoofletter. Hy. Hom. Naam.

4.4 Spel: Drie-eenheid. Dordtse.

4.5 Glo in God - glo aan iets, 'n saak.

4.6 Wetenskaplike werk bevat nie "ek", "ons", "my" nie. Skryf onpersoonlik.

## II ALGEMENE WENKE

1. Daar mag nie letterlik uit 'n bron oorgeskryf word sonder aanhalingstekens en behoorlike verwysing na die bron nie.

2. U mag ook nie 'n gedagtegang van 'n bron in eie woorde weergee sonder om na die bron te verwys nie.

3. Haal net dan letterlik aan as dit werklik noodsaaklik is, of as dit besliste sin het.

4. Skryf ander se gedagtes in u eie woorde en gee erkenning aan die bron, deur bv. te skryf “(vgl. A. Aalders, 1995:16-20)".

5. Indien u 'n lang paragraaf van gedagtes van ander in eie woorde weergee, kan u aan die begin die verwysing na die bron gee en aan die einde van die paragraaf sê "(tot sover Aalders)".

6. Interpreteer u bron se gedagtes; doen evaluering daarvan; oefen kritiek uit waar nodig; onderskryf sy gedagtes met eie motivering.

7. Van 'n skrywer word beslis meer verwag as om blote kompilasiewerk te verrig. Volg 'n logiese gang. Gee aan die einde van elke subtema 'n samevatting. Verstrek aan die einde van elke hoofstuk ook 'n samevatting waarin gestel word hoe ver nou met die tema gevorder is, wat reeds bereik is en wat die logiese volgende aspek(te) is wat in die volgende hoofstuk aan die orde moet kom.

## III VERWYSINGSTEGNIEKE VOLGENS DIE HARVARDMETODE (aangepas vir die AP Akademie).

### A. BRONVERWYSINGS IN DIE GESKREWE TEKS VAN DIE WERKSTUK EN SKRIPSIE

#### 1. Verwysing na bron met een outeur

1.1 Basiese inligting wat verstrek moet word, is: van van outeur, jaar van publikasie van bron, en bladsynommer(s) waarna verwys word. 'n Dubbelpunt word gebruik om die bladsy aan te toon.

1.2 Voorbeeld: (Aalders, 1965:121).

1.3 Wanneer werke van meer as een Aalders gebruik word, en die datums van die bronne is nie dieselfde nie, bly die verwysing soos in punt 1.2.

1.4 Wanneer twee outeurs die van "Aalders" het, en hulle boeke is in dieselfde jaar gepubliseer, moet die voorletter(s) van die outeur waarna verwys word, vermeld word:

(Aalders, A., 1965:121).

Elders sal na die ander outeur weer só verwys word:

(Aalders, B., 1965:306).

1.5 Indien een outeur meer as een boek in dieselfde jaar geskryf het, en jy van albei gebruikmaak, word die boeke alfabeties gerangskik en van "a" af genommer:

(Aalders, 1965a:121)

en (Aalders, 1965b:89).

1.6 Wanneer na 'n multivolume-bron verwys word en die werk het *een outeur* en het *in een jaar verskyn*, word dit soos volg gedoen:

(Aalders, 1965, 3:18).

1.7 Indien die verwysing na die bron in sy geheel gedoen word, word dit so gedokumenteer:

(Aalders, 1965).

1.8 Die verwysing kom op 'n sinvolle plek in die sin:

Daar word soms beweer dat die bestaan van sektes die onbetaalde rekening van die kerk is (Cronje, 1980:132), maar...

1.9 Indien die outeur se naam in die sin gebesig word, word die verwysing direk na sy naam aangebring:

Alhoewel dit nie onteenseglik duidelik is dat die saak so verstaan moet word nie, is Blom (1993:16) daarvan oortuig dat....

#### 2. Verwysing na bron met twee outeurs

Gebruik die &-teken wanneer die verwysing tussen hakies staan, maar "en" as dit deel van die sin is:

Daar is drie faktore ter sprake (Coetzee & Sietsman 1964:13) wat steeds....

MAAR:

Coetzee en Sietsman (1964:13) beweer dat drie....

3. **Verwysing na bron met drie outeurs**

3.1 Al drie se name moet vermeld word:

Die Heilige Gees is net een keer uitgestort (Ackermann, Botha & Fourie, 1994:21) en kan nie....

EN:

In 'n versamelwerk stel Ackermann, Botha en Fourie (1994:21) dit duidelik dat....

3.2 Wanneer in dieselfde verband herhaaldelik na die drie outeurs verwys word, word die volledige verwysing die eerste keer gedoen, maar daarna net die volgende verstrek:

(Ackermann, et al., 1994:80).

4. **Verwysing na bron met vier of meer outeurs**

4.1 Wanneer 4 of meer persone 'n werk gepubliseer het en daar is nie 'n redakteur nie, word die naam van die outeur wat eerste in die bron verskyn, gebruik, saam met *et al*:

Die argief is vir die kerkverband van die uiterste belang (Grove, et al., 1994:3) omdat....

MAAR:

Volgens Grove en ander (1994:3) is die argief...

4.2 Indien die verwysing toegeskryf kan word aan een van die outeurs alleen, word dit so gedoen:

Volgens Grove (Grove, et al., 1994:3) is die argief...

OF:

Die argief is...van belang (Grove *in* Grove, et al., 1994:3).

OF:

Die argief is...van belang [Fourie *in* Grove, et al. (1994:15)].

4.3 Sou Grove een werk geskryf het saam met Blom, Botes en Enslin, en 'n ander werk saam met Ross, Smit en Buys, moet al die name genoem word of na die naam van die bron verwys word - tensy die twee boeke natuurlik in verskillende jare verskyn het.

5. **Verwysing na 'n bron met 'n redakteur**

In die teks word die redakteur se naam net soos 'n gewone outeur s'n gebruik. (In die bronnelys word getoon dat hy die redakteur is.)

6. **Verwysing na die bydrae van 'n persoon in 'n werk met 'n redakteur**

Verwys na die persoon soos na 'n gewone een-man-bron. (In die bronnelys sal die volle gegewens verstrek word.)

7. **As twee boeke deur outeurs met dieselfde van in dieselfde jaar geskryf is, word hulle voorletters ook verstrek:**

(Blom, G., 1992:16) en
(Blom, K., 1992:186).

8. **Indien die bron se outeur nie bekend is nie, word die titel van die bron in die teks gebruik.**

9. **Herdrukke**

Gee ook die datum van die eerste druk:

(Blom [1965] 1993:83).

10. **Klassieke werke**

Daar bestaan 'n lys afkortings wat vir klassieke werke gebruik kan word, bv. die erkende afkorting vir die "Didache" is *Did*. en: vir Augustinus se "De Confessiones" skryf ons *Conf*.

11. **Tydskrifte en koerante**

11.1 Indien die outeur bekend is:

Verwys soos na gewone bronne.

11.2 Indien die outeur nie bekend is nie:

Volgens gegewens in *Die Beeld* (11 Augustus 1994) verstrek,....

OF:

Een van die Afrikaanse dagblaaie (Die Beeld, 11 Augustus 1994) bevat 'n artikel waarin...

12. **Herhaalde verwysings na dieselfde outeur in dieselfde paragraaf**

Die eerste keer word die volledige verwysing gegee (soos hier bo uiteengesit), maar daarna word telkens net die bladsynommer(s) verstrek:

Blom (1929:16) het dit so verstaan....
Hy sê (:33) dat daar...maar voeg tog by (:60).... Volgens hom (:100)....

Sodra na 'n ander outeur verwys is en dan weer na die eerste een verwys word, moet die volledige besonderhede natuurlik weer gegee word.

13. **Kolletjies**

13.1 Wanneer 'n gedeelte van *een* sin weggelaat word, word drie kolletjies gebruik.

13.2 Wanneer die weglating punte, vraagtekens of uitroeptekens insluit, word vier kolletjies

gebruik.

13.3 Voor en na die kolletjies moet daar nie spasies wees nie.

14. **Wysiging in aanhaling**

Indien die teks wat aangehaal word, gewysig moet word, word die wysiging in vierkantige hakies geplaas.

Gestel die volgende word aangehaal:

> Dit is noodsaaklik dat 'n teologiese student 'n deurleefde verhouding met die HERE moet hê.

In die werkstuk of skripsie kan nou so aangehaal word:

> Die dosent het daarop gewys dat "dit... noodsaaklik [is] dat 'n teologiese student..."

15. **Eie kursivering**

Wanneer ek woorde in 'n aanhaling wil beklemtoon, doen ek dit met die woorde "kursivering van RM" tussen vierkantige hakies:

> "Dit kan *nooit* [kursivering/beklemtoning van RM] goedgepraat word nie" (Blom, 1960:13).

16. **Bronverwysing maak deel van die sin uit**

Dit is verkeerd om te skryf:

> Daar word beweer dat nie alle studente toegewyd is nie. (Blom, 1980:5)
>
> Korrek: Daar word beweer dat nie alle studente toegewyd is nie (Blom, 1980:5).

17. **Blokaanhaling**

Wanneer 'n lang gedeelte aangehaal word, kan dit "geblok" word sonder om aanhalingstekens te gebruik:

> .....
>
> .....
>
> .....:
>
> .....
>
> .....
>
> .....
>
> (Blom, 1980:93)

18. **Aanhalingstekens**

Aanhalingstekens wat die outeur van die bron in die aangehaalde gedeelte self gebruik het, word met enkel-aanhalingstekens weergegee.

19. **Haal korrek aan**

Wanneer direkte aanhalings gedoen word, moet dit presies identies aan die deel wat aangehaal word, gedoen word: dieselfde kommas, kommapunte, vraagtekens, hoofletters, spelfoute, ens.

20. **Punt**

Wanneer 'n volledige sin in hakies buite 'n sin in die teks gebruik word, word die punt binne die hakies geplaas:

> Van Wyk (1960:15) oordeel anders. (Daar kan ook beswaarlik van hom verskil word.)
>
> MAAR:
>
> Van Wyk (1960:15) oordeel anders (sonder om onnodig skerp te wees).

## B. **BRONNELYS**

### 21. **Algemeen**

21.1. Die bronnelys word alfabeties opgestel.

21.2. Die volgorde is die volgende:

> Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van boek (in skuinsdruk), punt, (bv.:) 2de druk, punt, plek van uitgewer, dubbelpunt, naam van uitgewer, punt.

21.3 Dus: Blom, A. 1996. *Die verbond*. 2de druk. Pretoria: Lig in Duisternis.

### 22. **Alfabeties**

22.1. Outeurs met dieselfde van word alfabeties volgens hul voorletters gerangskik:

> Blom, A.
> Blom, K.

22.2. Indien meer as een outeur dieselfde van, maar ook voorletter(s) het, word die datums van uitgawe numeries gebruik:

> Blom, A. 1963.
>
> Blom, A. 1980.

22.3. Vanne wat met "Van der", "De", ens. begin, word alfabeties onder "V" en "D", ens. gerangskik:

> De Lange kom onder die "D"'s.
> Van der Walt kom onder die "V"'s.

22.4. Koppelvanne

> Lloyd-Jones kom onder "L".

### 23. **Enkel-outeur**

Voorbeeld:

> Blom, C.R. 1981. *Die Godsopenbaring in die Bybel*. 2de druk. Pretoria: ABC.
>
> (ABC is hier die denkbeeldige naam van die uitgewer.)

### 24. **Twee outeurs**

> Blom, A. & Coetzee, D.E. 1963. (Verder soos in punt 23.)

### 25. **Twee outeurs met dieselfde van**

> Blom, A. & Blom, K. 1968.

### 26. **Drie outeurs**

Noem al drie:

Blom, A., Coetzee, G.J. & Van Wyk, R.S. 1970.

27. **Meer as drie outeurs (sonder 'n redakteur)**

Al die outeurs se name moet genoem word in bronnelys (soos in punt 26).

28. **Bron met 'n redakteur(s)**

Blom, A. red. 1978.

OF:

Blom, A. & Blom, K. reds. 1979.

29. **Redakteur van werke van 'n baie bekende outeur**

Hier word die bekende outeur se naam gebruik:

Calvyn, J. 1983. *Die werke van Clavyn*, onder redaksie van A. Blom. Pretoria: ABC.

30. **Bydraer in 'n werk met 'n redakteur**

Gestel Blom is die redakteur van 'n boek met die naam "Die geskiedenis van die AP Kerk", maar jy wil verwys na 'n artikel in die boek met die titel "Die AP Kerk Pretoria-Oos" wat deur Coetzee geskryf is. Dan dokumenteer jy soos volg:

Coetzee, G.J. 1993. Die AP Kerk Pretoria-Oos, in A. Blom, red. (1998). *Die geskiedenis van die AP Kerk*:61-67. Pretoria: ABC.

Dit beteken dat die artikel van Coetzee op bladsy 61 tot 67 in die boek verskyn. Let daarop dat die naam van die artikel in gewone druk geskryf word, maar die naam van die *boek* in skuinsdruk. Voor die bladsynommers word nie "bl." of "p." geskryf nie.

31. **'n Paar bydraers uit 'n werk met 'n redakteur word aangehaal**

Neem weer die voorbeeld van punt 30. Nou haal jy aan uit die artikel van Coetzee (soos in punt 30), maar ook uit dié van Smit en dié van Kooy.

Bronverwysings word elke keer gedoen met die weergawe van elkeen se artikel, maar die *boek* se naam, plek en uitgewer word nie vermeld nie - net die van, datum en bladsynommers.

Dan word 'n afsonderlike bronverwysing gedoen t.o.v. die boek self onder die naam van die redakteur:

Blom, A. red. 1998. *Die geskiedenis van die AP Kerk*. Pretoria: ABC.

Coetzee, G.J. 1993. Die AP Kerk Pretoria-Oos, in A. Blom. 1998:61-67.

Kooy, K.W. 1993. Die AP Kerk Wes-Moot, in A. Blom. 1998: Hfst. 2.

Smit, L.S. 1993. Die AP Kerk Benoni, in A. Blom. 1998:110-106.

Natuurlik moet Blom op sy alfabetiese plek in die Bronnelys staan.

32. **Publikasies van liggame**

Wêreldraad van kerke. 1978. *The apartheid regime*. Geneve: WCC.

33. **As die outeur nie bekend is nie**

Gebruik die afkorting “Anon.” wat staan vir anonieme skrywer.

Anon. 1993. *Waarom moet ek glo*? Pretoria: ABC.

34. **Skrywers in ensiklopedieë**

Bavinck, H. 1956. S.v. "Verbond". *Christelijke Encyclopedie*. Kampen: JH Kok.

"S.v." staan vir "sub verbo" en beteken: "onder die naam".

Hier het Bavinck 'n artikel onder die titel "Verbond" geskryf, wat in die ensiklopedie opgeneem is.

35. **Onbekende skrywer in 'n ensiklopedie**

Anon. 1956. S.v. "Genade". *Christelijke Encyclopedie*. Kampen: JH Kok.

“Anon” staan vir anonieme skrywer en beteken: “naam onbekend”.

Hier is 'n artikel onder die titel "Genade" in die ensiklopedie opgeneem, maar die skrywer daarvan word nie in die ensiklopedie aangegee nie.

36. **Ongepubliseerde werke**

Blom, A. In druk. *Die verbond*. Pretoria: Lig in Duisternis.

37. **Proefskrif**

Die graad word vermeld, asook die universiteit se naam. As die plek nie uit die naam van die universiteit blyk nie, moet die dorp of stad ook verstrek word:

Koen, R. 1996. *Teologiese skole in Suid-Afrika. ‘n Vergelykende studie.* Th.D. Universiteit van Pretoria.

As die universiteit Unisa was, sou die laaste gegewens wees:

Universiteit van Suid Afrika, Pretoria.

38. **Geen datum beskikbaar**

Gebruik in die plek van die jaartal die volgende: [s.a.]

Voorbeeld:

Brink, K. S.a. *Karakters in die Skrif*. Pretoria: ABC.

"S.a." staan vir "sine anno" en beteken "sonder jaar".

39. **Datums van multivolume werke**

Gebruik die eerste en laaste datums:

Botha, M. 1951-1963. *Kerkgeskiedenis*, 4 vols. Pretoria: ABC.

40. **As net na een boek van die stel verwys word**

Botha, M. 1955. *Kerkgeskiedenis*, vol. 2. Pretoria: ABC.

41. **Hoofletters in titels van boeke**

Die titel van ‘n boek word identies weer gegee in die bronnelys. In die geval waar die titel in slegs hoofletters of slegs kleinletters bestaan geld die gewone taalreëls.

Bv.: 'n boek se naam is:

Die Geskiedenis van Smit en die Voortrekkers van die Agtiende Eeu.

Dit word in die bronnelys so geskryf:

Die Geskiedenis van Smit en die Voortrekkers van die Agtiende Eeu.

42. **Multivolume-werke**

Soos nr. 39.

43. **Verwysing na 'n spesifieke boekdeel met 'n eie naam van 'n multivolume-werk**

Botha, M. 1955. *Kerkgeskiedenis*. Vol. 2, *Die kerk in die Gariep*. Pretoria: ABC.

Hier het die tweede boek van die stel 'n eie subtitel, nl. "Die kerk in die Gariep".

44. **Uitgawe**

Tweede en volgende uitgawes word aangedui direk na die titel:

Blom, A. 1975. *Daar is óók geskrywe*. 2de uitg. Pretoria: ABC. (of: Hers. uitg.)

45. **Herdruk**

Blom, A. [1975] 1981. *Daar is óók geskrywe*. 2de druk. Pretoria: ABC.

46. **Slapband**

Slapbanduitgawes se bladsynommers verskil soms van hardebanduitgawes. Voeg dan "Slapband" in ná die titel.

Blom, A. [1975] 1981. *Daar is óók geskrywe*. 2de druk. Slapband. Pretoria: ABC.

47. **Plek onbekend**

As die plek van uitgawe onbekend is, gebruik s.l. in plaas van die plek. S.l. = *Sine loco* = geen plek:

Blom, A. 1995. *Wee julle*. S.l.: Boekemark.

48. **Uitgewer**

Die volle naam van die uitgewer moet verskaf word:

Blom, A. 1955. *Wee julle*. S.l.: Boekemark Uitgewery Bpk.

49. **Twee uitgewers**

Enige *een*, of albei, word gegee.

... Pretoria: ABC Publishers;  Boksburg: Boekemark Uitgewery Bpk.

50. **Uitgewer onbekend**

50.1. Dui aan wie die drukker was:

Blom, A. 1993. *Die heilsorde*. Germiston: Gedruk deur Pypsteel.

50.2. As ook die drukker nie bekend is nie, gebruik s.n. = sine nomine = sonder naam/geen naam.

Blom, A. 1993. *Die heilsorde*. Germiston: S.n.

“S.n.” staan vir *sine nomine* en beteken “uitgewer is onbekend”.

51. **Reeks boeke**

Die naam van 'n reeks *mag* ná die uitgewer tussen ronde hakies ingevoeg word.

52. **Artikels**

Artikels in tydskrifte:

Vos, J. 1994. Sang onder die erediens. *Die Boodskapper* 48:7-8.

Hier dui die 48 op die nommer van Die Boodskapper en 7-8 op die bladsye in daardie Boodskapper waarin die artikel verskyn.

53. **Titels van tydskrifte**

Afkortings mag gebruik word mits hulle in amptelike lyste voorkom.

Bv. *JThS* (in plaas van die volledige “Journal of Theological Studies”).

54. **Nommer van tydskrifte**

Die nommer van 'n tydskrif kom ná die naam van die tydskrif:

... *JThS* 1:93-96.

55. **Datum van tydskrifte**

'n Tydskrif kan ook met sy datum geïdentifiseer word, met weglating van die tydskrifnommer (vgl. 54).

Blom, A. 1963. Toerisme in Suid-Afrika. *Huisgenoot*, 15 September:30.

Indien 'n artikel op gedeeltes van bladsye oral in die tydskrif verspreid lê, met ander stof tussenin, word net die eerste bladsy van die artikel gemeld.

56. **Anonieme skrywer in ‘n populêre tydskrif**

Dikwels word die skrywer van 'n artikel in populêre tydskrifte nie vermeld nie.

Anon. 1963. Bobbejaanstreke. *Huisgenoot*, 15 September: 33.

In die teks sal die verwysing soos volg lyk:

In die artikel Bobbejaanstreke (Anon., 1963) word aangedui dat...

57. **Koerante**

Verstrek die volgende:

Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, punt, titel van die artikel (nie in skuinsdruk nie), punt, volle naam van die koerant (in skuinsdruk), komma, datum van die uitgawe (dag en maand), dubbelpunt, spasie, bladsynommer, kolom op die bladsy waarin die artikel verskyn, punt.

Byvoorbeeld:

Blom, A. 1969. Suid-Afrika vandag. ‘n Evaluasie. *Die Beeld*, 3 September:4b.

58. **Koerantartikels op die internet**

Verstrek die volgende:

Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van die dokument of bladsy (nie in skuinsdruk nie), punt, volle naam van die koerant (in skuinsdruk), komma, tipe medium (in blokhakies), datum, punt, spasie, “Beskikbaar deur”, dubbelpunt, spasie, adres waar toegang tot die artikel verkry kan word, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

Blom, A. 1999. Suid-Afrika vandag. ‘n Evaluasie. *Die E - Beeld*, [aanlyn/internet] 3 September. Beskikbaar deur:http://www.netwerk24.com/nuus?redirect_from=beeld [toegang verkry op 17 Maart 2005].

59. **E - boeke**

59.1 E - boeke waar toegang verkry is op ‘n wagwoord beskermde databasis vanaf ‘n Universiteit se biblioteek word die volgende verstrek:

Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van die boek (nie in skuinsdruk nie), punt, “e - boek” (in blokhakies), spasie, plek gepubliseer (indien bekend), dubbelpunt, uitgewer, punt, “Beskikbaar deur”, dubbelpunt, spasie, naam van die biblioteek, spasie, “webwerf” (sonder ‘n spasie aan die einde), adres van die biblioteek se webwerf, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

Blom, A. 2005. Die kerk se hoop. [e - boek] Chester: Castle Press. Beskikbaar deur: Universiteit van Pretoria Biblioteek webwerf< http://www.library.up.ac.za/> [Toegang verkry op 12 Mei 2010].

59.2 E - boeke wat vrylik beskikbaar is word die volgende verstrek:

Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van die boek (in skuinsdruk), punt, “e - boek” (in blokhakies), spasie, plek gepubliseer (indien bekend), dubbelpunt, uitgewer, punt, “Beskikbaar by”, dubbelpunt, spasie, adres van die webwerf, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

Aalders, B. & Blom, A. 2007. *Die kerk as ligpunt*. [e - boek] Wallingford: ABS Publishers. Beskikbaar by: Google Books <http://booksgoogle.com> [Toegang verkry op 9 Junie 2008].

59.3 E - boeke op ‘n spesifieke e-leser of soortgelyke toestel word die volgende verstrek:

Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van die boek (in skuinsdruk), punt, spasie, weergawe van die e - boek (in blokhakies), spasie, plek gepubliseer (indien bekend), dubbelpunt, uitgewer, punt, “Beskikbaar by”, dubbelpunt, spasie, naam van die bron van die e – boek en webwerf, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

Aalders, B. 2012. *Werke van ons tyd*. [Kindle DX weergawe] Transworld Media. Biskikbaar by: Amazon.co.uk <http://www.amazon.co.uk> [Toegang verkry op 9 Junie 2012].

## 60. ***Pdf* - dokumente**

Die volgende inligting word verskaf in die geval van ‘n vrylik beskikbare *pdf* - dokumente:

Naam, spasie, punt, spasie, datum, punt, titel van die dokument (in skuinsdruk), punt, spasie, pdf (in blokhakies), spasie, plek gepubliseer (indien bekend), dubbelpunt, uitgewer, punt, “Beskikbaar by”, dubbelpunt, spasie, naam van die bron van die e - boek, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

Department van Gesondheid. 2008. *Health inequalities: progress and next steps*. [pdf] Pretoria: Department van Gesondheid. Beskikbaar by: <http://www.dh.gov.uk/en/Publicationsandstatistics/Publications/PublicationsPolicyAndGuidance/DH_085307> [Toegang verkry 9 Junie 2008].

## 61. **Artikels in joernale**

61.1. Gedrukte artikels in joernale:

Die volgende elemente word vereis by die verwysing na ‘n artikel vanuit ‘n gedrukte joernaal:

Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van die artikel, spasie, titel van die joernaal (in skuinsdruk), komma, spasie, uitgawe (en volume van die joernaal in hakies indien van toepassing), dubbelpunt, spasie, bladsy(e), punt.

Byvoorbeeld:

Aalders, B.A. 2002. Sosio-kulturele verskynsels in Spreuke. *Journal of Theological Studies,* 42(6):564.

61.2. Joernale vanaf ‘n elektroniese bron:

Die volgende elemente word vereis by die verwysing na ‘n artikel vanuit ‘n e-joernaal:

Van, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van die artikel, spasie, titel van die joernaal (in skuinsdruk), komma, spasie, “e - joernaal” (in blokhakies), spasie, uitgawe (en volume van die joernaal in hakies indien van toepassing), punt, spasie, “Beskikbaar deur”, dubbelpunt, spasie, naam van die bron van die e - joernaal, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

Aalders, B.A. 2002. Sosio-kulturele verskynsels in Spreuke. *Journal of Theological Studies,* [e - joernaal] 42(6). Beskikbaar deur: Universiteit van Pretoria Biblioteek webwerf< http://www.library.up.ac.za/> [Toegang verkry op 12 Mei 2010].

62. **Jaarverslae**

Die volgende inligting word verskaf met die verwyssing na ‘n jaarverslae:

Korporatiewe outeur, spasie, datum, punt, volle naam van die jaarverslag (in skuinsdruk), punt, spasie, plek van uitgewer, dubbelpunt, naam van uitgewer, punt.

Byvoorbeeld:

Aalders & Blom 2004. *Die pad vorentoe, jaarlikse verslag 2003-2004*. Boksburg: Boekemark.

63. **Klasnotas**

Die volgende inligting word vereis:

Die naam van die dosent/outeur, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, datum, punt, titel van die dokument, komma, spasie, module naam en module kode (in skuinsdruk), punt, spasie, naam van die instansie, komma, spasie, “ongepubliseerd”, punt.

Byvoorbeeld:

Willemse, B. 2008. Handleiding vir antieke Semitiese geskiedenis, *AKG725 Antieke Semitiese geskiedenis.* Universiteit van Pretoria, ongepubliseerd.

64. **Onderhoude**

Dis belangrik om met die verwyssing na ‘n onderhoud eers die persoon wat daarmee die onderhoud gevoer is, se toestemming te verkry. ‘n Transkripsie van die onderhoud moet dan bygevoeg word. Dit word ook aanbeveel om met die studieleier te ooreen te kom oor watter inligting van die onderhoud gebruik moet word.

Die volgende inligting word verskaf met die verwyssing na ‘n onderhoud:

Naam van die persoon met wie die onderhoud gevoer is, komma, spasie, voorletters (met punte na elke voorletter), spasie, jaar waarin die onderhoud gevoer is, punt, spasie, naam van die onderhoud (in skuinsdruk), spasie, "Onderhoud gevoer deur", spasie, naam van die persoon deur wie die onderhoud gevoer is, punt, spasie, soort medium/formaat (in blokhakies), spasie, plek waar onderhoud gevoer is, komma, spasie, spesifieke datum waarop die onderhoud gevoer is, komma, spasie, spesifieke tyd van die onderhoud, punt.

Byvoorbeeld:

Blom, B. 2012. *Onderhoud oor verwysingstegnieke* Onderhoud gevoer deur Andries Aalders. [radio] Radio Pretoria, 15 Februarie 2012, 08:30.

65. **Religieuse tekste**

Die formaat van die verwysing in die werk self lyk soos volg:

"Aan die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Die Bybel, Genesis 1:1)

By die volle verwysing in die bronnelys word die volgende inligting verlang:

Volle naam van die geskrif, spasie, datum, punt, spasie, plek van uitgewer, dubbelpunt, naam van uitgewer, punt.

Byvoorbeeld:

Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983. London: HarperCollins.

66. **Aanhalings vanuit woordeboeke**

By die verwysing in die werk self word slegs die uitgewer en datum verlang:

(Chambers, 2010)

By die volle verwysing in die bronnelys word die volgende inligting verlang:

Die uitgewer van die woordeboek, punt, spasie, datum, volle titel van die woordeboek (in skuinsdruk), punt, spasie, plek van uitgewer, dubbelpunt, naam van uitgewer, punt.

Byvoorbeeld:

Chambers. 2010. *Chambers paperback dictionary thesaurus*. London: Chambers Harpers Publishers Ltd.

67. **Webwerwe**

Vir publikasies wat op die internet gevind is word die volgende elemente vir 'n verwysing vereis:

Naam van die outeur of korporatiewe outeur, punt, datum, punt, spasie, naam van die dokument (in skuinsdruk), punt, spasie, soort medium (in blokhakies) spasie, plek van uitgewer, dubbelpunt, naam van uitgewer, punt, "Beskikbaar by", dubbelpunt, spasie, adres van die artikel, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

> Onafhanklike Ondersoek na die Sorg van Gestremde Mense. 2001. *Gesonheidsorg vir almal*. [internet] Beskikbaar by: <http://www.iahpld.org.uk/Healthcare_easy_final.pdf> [Toegang verkry op 10 April 2009].

68. **Vonkpos (e – pos) korrespondensie**

In die geval waar verwys word na ‘n vonkpos moet die vonkpos behou en geargiveer word. Dit mag vereis word dat dit as ‘n bylae aan die akademiese geskrif gevoeg word.

Vir ‘n verwysings na ‘n vonkpos word die volgende elemente vereis:

> Naam van die persoon wat die vonkpos gestuur het, komma, spasie, die vonkpos adres van die persoon wat die vonkpos gestuur het, punt, spasie, datum (in hakies), opskrif van die boodskap (in skuinsdruk), punt, spasie. “vonkpos” (in blokhakies), “Bookskap gerig aan”, spasie, naam van die persoon aan wie die boodskap gerig is, spasie, vonkpos adres van die persoon aan wie die boodskap gerig is (in hakies), punt, spasie, “Gestuur op”, spasie, spesifieke datum waarop boodskap gestuur is, komma, spasie, tyd waarop boodskap gestuur is, punt, “Beskikbaar by”, dubbelpunt, spasie, adres waar vonkpos geargiveer is, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

> Jacobs, P., jacobs@jones.com. 2005. *Ontwikkeling in Semitiese antropologie.* [vonkpos] Boodskap gerig aan R. G. Smuts (r.g.smuts@syy.ac.uk). Gestuur op Maandag 7 Junie 2005, 08:13. Beskikbaar by: <http://gog.defer.com/2004_07_01_defer_archive.html> [Toegang verkry op 7 Julie 2005].

69. **DVD, video of film**

Die volgende elemente word vereis by ‘n verwysing:

> Volle titel van die DVD of film (in skuinsdruk), punt, spasie, datum, punt, soort medium (in blokhakies), spasie, “Direkteur:” en naam van die direkteur (indien relevant en beskikbaar), punt, spasie, land van oorsprong, dubbelpunt, spasie, naam van die ateljee, punt, spasie, enige verdere relevante inligting (in hakies), punt.

Byvoorbeeld:

> *Macbeth.* 1948. [film] Direkteur: Orson Welles. USA: Republic Pictures. (Gebasseer op die novelle van William Shakespear, 1623).

70. ***Youtube*-video**

Die volgende elemente word vereis by ‘n verwysing:

> Naam van die persoon wat die video op *Youtube* gelaai het, punt, spasie, datum, punt, spasie, naam van die video (in skuinsdruk), komma, spasie, naam van die reeks (indien van toepassing), punt, spasie, soort medium (in blokhakies), spasie, “Beskikbaar by”, dubbelpunt, spasie, adres van die video, die laaste datum waarop toegang tot die bladsy verkry is (in blokhakies), punt.

Byvoorbeeld:

Defra. 2007. *Hedendaagse siening van siosiale konstrukte in antieke Israel*. [internet video] Beskikbaar by:<http://youtu.be/keZmg56ahdM> [Toegang verkry op 23 Junie 2012].

71. **Ter beklemtoning:**

*LET OP DIE VERSKIL TUSSEN 1996a en 1996, 1.*

As *een outeur verskillende publikasies in een jaar* laat verskyn het en hulle word almal aangehaal, word a, b, ... gebruik:

Blom, A. 1996a. *Meetsnoere*. Pretoria: ABC.

Blom, A. 1996b. *Nooit te laat*. Pretoria: ABC.

Blom, A. 1996c. *Wortel uit droë grond*. Pretoria: ABC.

Die bronne word alfabeties gerangskik.
In die teks self kom dan bv.:

Daar word beweer (Blom 1996b:13)....

Indien *een outeur* 'n *stel* boeke in *dieselfde jaar* laat verskyn het, word die volumenommer in die stel genoem:

1996, 1
1996, 2
1996, 3

72. **Uitleg van bronnelys**

Voorbeeld van ‘n bronnelys:

Blom, C.R. 1981. *Die Godsopenbaring in die Bybel*. 2de druk. Pretoria: ABC.

Blom, G. & Coetzee, D.E. 1963. *Getroos in ellende.* Johannesburg: XYZ.

Coetzee, A., Du Plessis, W.J. & Van Tonder, R.J. 1970. *Openbaring in Jakobus*. Warmbad: EFG.

Louw, E. red. 1977. *Boodskappe in die ses-en-sestig boeke van die Heilige Skrif.* Potgietersrus: Berg en Heuwel.

Maritz, H. & Krause, L. reds. 1991. *Die Evangelie in die Noord Transvaalse sendinggemeentes onder die etniese volke.* Tzaneen: Laeveld.

Naude, S.P. 1995. Die AP Kerk Pretoria-Oos, in A. Blom, red. (1998). *Die geskiedenis van die AP Kerk*:61-67. Pretoria: ABC.

Roets, J.K. (S.a.). *Altyd gereed in diens van die Here.* Pretoria: Lig in Duistenis.

Saayman, K.T. 1997. *Waarom ’n lidmaat van ‘n Afrikaanse Protestantse kerk?* (S.l.): Basuin.

73. **Opsomming**

Ná die slot van die Skripsie of Werkstuk word 'n opsomming in Afrikaans en een in Engels gebied. Die opsomming mag nie minder as 'n halwe bladsy, en nie meer as twee

bladsye beslaan nie.

Die opsomming is nie dieselfde as die slot nie. 'n Slot toon aan of en hoe die doel van die studie bereik is; dit behels 'n samevatting. Die opsomming, daarenteen, gee 'n kort weergawe van die *hele* Skripsie/Werkstuk: Wat bereik wou word, die metode wat gevolg is, 'n oorsig oor die hele studie, en die resultaat wat behaal is.

# TITELBLADSY VIR SKRIPSIE

---
(Goedgekeurde titel)

---
deur

---
(Volle name en van van student)

---
Skripsie

voorgelê om gedeeltelik te voldoen
aan die vereistes

vir die B.Th.

in die Departement
---

aan die ---

Afrikaanse Protestantse Akademie

onder leiding van
---
prof.
---

---
Maand en Jaartal
bv.: Augustus 2003
---

## V LEIDRAAD VIR BEOORDELING VAN 'N SKRIPSIE

**NAAM VAN STUDENT: .....**

**TITEL VAN SKRIPSIE: .....**

A. **FORMEEL (waarde: 20%)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Versorgingsindruk (netheid, omslag, bindwerk, tikgehalte, ens.) | | 5 |
| 2. | Buitebladversorging | | 1 |
| 3. | Titelblad (uitleg, korrektheid: titel, student, graad, vak/departement, instansie, studieleier, datum) | | 3 |
| 4. | Voorwoord | | 1 |
| **5.** | **Inhoudsopgawe** | | |
| 5.1 | Algemene Inleiding | 2 | |
| 5.2 | Hoofstukke | | |
| 5.2.1 | Inleidende opmerkings | 1 | |
| 5.2.2 | Onderafdelings | 1 | 10 |
| 5.2.3 | Samevatting | 2 | |
| 5.3 | Gevolgtrekking | 3 | |
| 5.4 | Bronnelys | 1 | |
| 5.5 | Bylaes (indien van toepassing) | (-) | |
| 6. | Opsomming van skripsie in Afrikaans | | 2 |
| 7. | Opsomming van skripsie in Engels | | 1 |
| 8. | Sinvolle struktuur? | | 2 |
| 9. | Logiese gang? | | 2 |
| 10. | Taalgebruik | | 1 |
| **11.** | **Brongebruik** | | |
| 11.1 | Bronaanhalings | | |
| 11.1.1 | Korrekte aanhalings? | 1 | |
| 11.1.2 | Korrekte verwysings, bv. (Cloete 1990:59)? | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11.1.3 | Aanhalings binne oorspronklike konteks? | 1 | |
| 11.2 | Verwysing na bronne (in teks van skripsie) | | |
| 11.2.1 | Binne oorspronklike konteks? | 1 | |
| 11.2.2 | Korrekte dokumentering, bv.<br>(vgl. Cloete 1990:59) | <br>1 | 2 |
| 11.3 | Sinvolle kritieklewering (Skrif laat spreek)? | | 5 |
| **11.4** | **Bronnelys** | | |
| 11.4.1 | Formeel: alfabeties, punktuasie, onderstreping | 2 | |
| 11.4.2 | Genoeg bronne gebruik? | 2 | |
| 11.4.3 | Datum | 1 | 12 |
| 11.4.4 | Uitgewer | 1 | |
| 11.4.5 | Plek | 1 | |
| 11.4.6 | Verteenwoordigend? | 3 | |
| **12.** | **Opsommings in Afrikaans en in Engels** | 2 | |
| | | | 50 |

**Punt toegeken:** A (= )

**Berekening:** $\frac{A}{50} \times \frac{20}{1}$ = B (= )

B. **INHOUDELIK (waarde: 80%)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | **Inleiding** | | |
| 1.1 | Probleemstelling | 1 | |
| 1.2 | Metodologie | 1 | 3 |
| 1.3 | Doelwitstelling | 1 | |
| **2.** | **Aktualiteit** | | |
| 2.1 | Is tema aktueel? | 1 | 2 |
| 2.2 | Is die aktualiteit aangetoon? | 1 | |
| **3.** | **Globaal gesproke** | | |
| 3.1 | Geslaag om die tema wetenskaplik te hanteer? | 5 | 10 |
| 3.2 | Saak oortuigend bewys, of die probleem opgelos? | 5 | |
| **4.** | **Gehalte/Standaard** | | |
| 4.1 | Blote kompilasiewerk? (Indien die geval, kan moeilik meer as 60% toegeken word.) | | |
| 4.2 | Waar bronne gebruik is, is die stellings geïnterpreteer, geweeg, beoordeel? | 10 | |
| 4.3 | Is die Skrif in die beoordeling (vgl. 4.2) *organies* gebruik? | 5 | |
| 4.4 | Is daar sinvolle kritieklewering op ander se standpunte? | 5 | |
| 4.5 | Kom selfstandige teologiese navorsingsvermoë en -denke na vore? | 10 | |
| 4.6 | Waar van toepassing: Het belydenisskrifte in die skripsie meegespreek? (Puntetoekenning by 4.3) | - | |
| 4.7 | Is daarin geslaag om by die tema te hou, te konsentreer - en nie in afdwaalpaadjies en wydlopigheid te beland nie? | 5 | |
| | Al bogenoemde raak die standaard van die skripsie. | | |
| | | 50 | |

**Punt toegeken:** C (= )

**Berekening:** $\frac{C}{50} \times \frac{80}{1} = D$ (= )

**FINALE PUNT:** B + D = %.

C. **BEOORDELING**

1. Die student slaag/slaag nie. (Skrap wat nie toepassing is nie).

2. Punt toegeken _____%.

3. Is die gehalte sodanig dat 'n eksemplaar met vrymoedigheid in ons Teologiese Biblioteek opgeneem kan word? Ja/Nee

**HANDTEKENING VAN DOSENT**: .....……

**DATUM**: .....……..

D. **BESLUIT DEUR FAKULTEITSRAAD TEOLOGIE**

1. Punt toegeken: _____%

2. Neem op in Biblioteek: Ja/Nee.

3. Ander: ……...

……...

……...

……...

……...

……...

**HANDTEKENING:**

**VOORSITTER:** .....……..

**SKRIBA:** …….....

**DATUM:** ……. .....

## VI WERK- EN TYDROOSTER MET DIE OOG OP DIE SKRYF VAN SKRIPSIE

Die volgende keerdatums is vir BTh-studente van toepassing:

Einde Maart: BTh 3-studente handig 40% van die skripsie in.

Einde April: BTh 2-studente handig Onderwerpvoorstel in.

BTh 3-studente handig 60% van die skipsie in.

Einde Mei: BTh 3-studente handig 80% van die skipsie in.

Einde Junie: BTh 3-studente handig 100% van die skipsie in.

Einde Augustus: Dis die finale datum vir die inhandiging van ‘n gebinde skripsie, anders kan die student nie gelegitimeer word nie.

Einde November: BTh 2-studente handig 20% van die skripsie in.

Die datum waarop die referaat wat BA-studente skryf, ingehandig moet wees, word deur elke dosent met sy studente gereël.

## TYDSKEDULE VIR DIE SKRYF VAN `N SKRIPSIE

Die skrywe van `n skripsie is een van die grootste projekte wat `n teologiese student moet afhandel voor sy studies voltooi is. Vir menige studente is dit soos `n berg wat oorkom moet word. Die resultaat is dat die taak halfhartig aangepak word en ongelukkig uitgestel word tot op die laaste oomblikke. So word hierdie studie `n las en gaan die geleentheid vir vormende navorsing verlore.

### 1. Die vind van `n studieonderwerp

Die groot probleem waarme geworstel word, is die vind van `n onderwerp waaroor navorsing gedoen kan word. Na een jaar van teologiese opleiding is dit dikwels nie duidelik waar `n mens se werklike belangstelling lê nie. Belangstelling moet egter gevoed word, deur:

deeglike studie en verdere leeswerk;
die gedurige vrae oor die implikasies van jou studie;
die identifisering van moontlike probleme;
die soeke na die oorsprong van bepaalde beginsels;
uitdagings in die praktiese toepassings van beginsels, ens.

Maak aantekeninge oor waarnemings wat jy maak en tendense waarvan jy bewus geword het en gaan lees hieroor na. So word `n mens gestimuleer en word jou gedagtes in `n bepaalde rigting gefokus.

Uit die aard van die saak sal jou belangstelling wat so begin vorm aanneem baie wyd wees en is daar nog heelwat verfyning nodig ten einde tot `n tema te kom waaroor navorsing gedoen gaan word.

### 2. Voorlopige gesprek met `n studieleier

`n Gesprek met die dosent in wie se vakgebied jou belangstelling blyk, is nou van groot waarde. Hier word jou gedagtes getoets en verder geprikkel. Studievelde word afgebaken en onduidelikhede word opgeklaar. Hierdie gesprek sal lei tot verdere toegespitste leeswerk oor jou onderwerp.

Meer as een gesprek is soms nodig. Dit is soms van waarde om `n gewone probleem waarmee mense elke dag moet worstel, te omskryf sodat dit in die vorm van `n navorsingsprobleem gestel word. Byvoorbeeld mense verloor hulle werk en dit lei tot huwelikspanning. Die probleem kan nou nagevors word onder `n titel soos: Die beleid van regstellende aksie en gesinsverbrokkeling by die Afrikaner jongmens.

### 3. Studievoorstel

`n Studievoorstel is `n skriftelike voorlegging oor `n beoogde studie wat nou konkrete inligting bevat van hoe die navorsing gedoen gaan word. `n Studievoorstel bevat `n titel, doel, metodolgie, navorsingsprobleem en hipoteses.

### 3.1 Titel

Dit is die tema van die skripsie en dui aan waaroor gehandel gaan word. `n Titel wat te wyd geformuleer word gaan tot frustrasie lei en die studie te lank maak. Formuleer jou titel so dat `n spesifieke saak aangespreek word. As daar byvoorbeeld gehandel word oor pastoraat aan die vigspasiënt dan moet die pasiënte spesifiek omskrywe word. Byvoorbeeld net die terminale pasiënt of die getroude vigslyer. Moet nooit bang wees dat jou titel te eng is en dus tot te min inligting gaan lei nie.

### 3.2 Die doel van die studie

Dit is die “waarom van die studie”. Wat is die waarde van die studie vir jou as navorser, vir die vakterrein of selfs die gemeenskap?

### 3.3 Navorsingsmetodologie

Hier moet kortliks gestel word op watter wyse die studie aangepak gaan word. Gaan dit `n literatuurstudie wees, `n Empiriese ondersoek, `n Eksegetiese navorsing of `n kombinasie van metodes?

### 3.4 Navorsingsprobleem

Hier word die saak wat nagevors moet word, aangehaal. Dit gaan oor die leemtes, gebreke, behoeftes of stellings wat ondersoek gaan word.

### 3.5 Navorsingshipotese

`n Navorsingshipotese sluit baie nou by die probleem aan en is stellings of bewerings wat oor die probleem gemaak word. Byvoorbeeld die probleem wat nagevors word, is die verswakkende kerkbywoning en `n hipotese is dat liturgiese gebruike mense van die kerk verwyder.

## 4. Finalisering van die studievoorstel

Nadat die voorstel ingedien is by die betrokke dosent moet die voorstel goedgekeur word en kan finale reëlings getref word. Dit sluit in `n hoofstukindeling.

## 5. Tydskedule

Einde Maart: BTh 3-studente handig 40% van die skripsie in.

Einde April: BTh 2-studente handig Onderwerpvoorstel in.

BTh 3-studente handig 60% van die skipsie in.

Einde Mei: BTh 3-studente handig 80% van die skipsie in.

Einde Junie: BTh 3-studente handig 100% van die skipsie in.

Einde Augustus: Dis die finale datum vir die inhandiging van ‘n gebinde skripsie, anders kan die student nie gelegitimeer word nie.

Einde November: BTh 2-studente handig 20% van die skripsie in.

Die datum waarop die referaat wat BA-studente skryf, ingehandig moet wees, word deur elke dosent met sy studente gereël.

## VII SAKE-INDEKS TEN OPSIGTE VAN VERWYSINGSTEGNIEK

(Die syfers tussen hakies verwys na die numerering en die syfer na die komma verwys na die bladsy.)

**A**


Aanhaling
- blok (17) 8
- korrek doen (19) 9
- woordeboeke (66) 18
- wysiging daaraan (14) 8

Aanhalingstekens (18) 9
Afkortings (10) 7; (53) 14
Alfabeties (21.1; 22) 10; (33) 12
Algemene wenke, 4
Amptelike afkortings (53) 14
Artikels in joernale
- elektroniese formaat (61) 17
- gedrukte formaat (61) 16

Artikels in tydskrifte (52) 14; (55) 14


**B**


Basiese inligting (1.1) 5
"Beperk" (48) 13
Blokaanhaling (17) 8
Blokhakies (14) 8; (38) 12; (46) 13; (58-61) 15-17; (67-70) 18-20
Bronnelys (21-58)10 e.v.
- aanhalings vanuit woordeboeke, (66) 18
- alfabeties, (22) 10
- algemeen, (21) 10
- artikels in joernale, (61) 16-17
- artikels in tydskrifte, (52) 14
- bekende outeur, (29) 11
- boekdeel in multivolume werk, (43) 13
- bron met redakteur, (28) 11
- bydraer in werk met 'n redakteur, (31) 11,12
- datum onbekend, (38) 12
- datum van multivolume werke, (39) 12-13
- drie outeurs, (26) 11
- dvd, video of film, (69) 19
- e-boeke, (59) 15-16
- e-pos korrespondensie, (68) 19
- een outeur, (23) 10
- enkel-outeur, (23) 10
- ensiklopedieë, (34) 12
- geen datum bekend, (38) 12
- godsdienstige tekste, (65) 18
- herdruk, (45) 13
- hoofletters in titels, (41) 13
- jaarverslae, (62) 17
- joernaal artikels, (61) 16-17
- klasnotas, (63) 17
- koerantartikels op die internet, (58) 15
- koerante, (57) 15

- liggame, (32) 12
- meer as drie outeurs, (27) 11
- multivolume werke, (39) 12-13
- onbekende datum, (38) 12
- onbekende plek, (47) 13
- onbekende skrywer, (33) 12
- onderhoude, (64) 17
- ongepubliseerde werke, (36) 12
- outeur onbekend, (33) 12
- *pdf*-dokumente, (60) 16
- plek onbekend, (47) 13
- proefskrif, (37) 12
- redakteur, (31) 11,12
- reeks boeke, (51) 14
- religieuse tekste, (65) 18
- slapband, (46) 13
- skrywer onbekend, (33) 12
- sonder datum, (38) 12
- sonder outeur, (33) 12
- sonder plek, (47) 13
- sonder uitgewer, (50) 14
- stel boeke, (40) 13
- twee outeurs, (24) 10
- twee outeurs met dieselfde van, (25) 10
- twee uitgewers, (49) 14
- tydskrifte (artikels, datums, nommers, populêre, titels), (52-56) 14-15
- uitgawe, (44) 13
- uitgewer, (48) 13-14
- uitgewer onbekend, (50) 14
- webwerwe, (67) 18-19
- *youtube*-video, (70) 19-20

Bronverwysing is deel van sin (16) 8
Bydrae in werk met 'n redakteur (6) 7; (28-30) 11; (31) 11,12

**D**

Datum (21.2; 22.2) 10
- geen (38) 12
- multivolume werke (39) 12-13
- tydskrifte (55) 14

"De Lange" (22.3) 10
Dieselfde van, in een jaar (7) 7
Drie outeurs (3.1-3.2) 6
Drukker (48-50) 13-14
Dubbelpunt vir die aanduiding van bladsye (1.1) 5
Dubbel-vanne (22.4) 10
DVD (69) 19

**E**

E-boeke (59) 15
E-pos (68) 19
Een boek in stel (40) 13
Een outeur (1) 5; (21.3) 10
Een outeur wat saamgewerk het aan meer as een publikasie (4.3) 6
Een van die outeurs waar 'n paar saam gepubliseer het (4.2) 6;
(27) 11; (31) 11,12; (34) 12
Eie kursivering (15) 8

Ensiklopedieë (34) 12
- onbekende skrywer (35) 12
*et al* (3.2) 6; (4.1) 6

**F**

Film (69) 19

**G**

Geen datum (38) 12
Geen naam van outeur (8) 7; (33) 12; (35) 12
Geen naam van uitgewer (50) 14
Geen plek (47) 13

**H**

Haal korrek aan, (19) 9
Hakies
- plek van punt (20) 9
- ronde (51) 14; (57,58) 15; (61-70) 16-20
- vierkantige (38) 12; (46) 13; (58-61) 15,16; (67-70) 18-20
Herdruk (9) 7; (45) 13
Herhaalde verwysings in een paragraaf (12) 7
Herhaalde verwysings na dieselfde outeur in dieselfde paragraaf, (12) 7
Hoofletters in titel (41) 13

**J**

Jaarlikse verslae (62) 17
Joernaal artikels (61) 16-17

**K**

Klasnotas (63) 17
Klassieke werke (10) 7
Koerante (11) 7
- basies (57) 15
- internet (58) 15
- outeur bekend (11.1) 7
- outeur onbekend (11.2) 7
Kolletjies (13.1-13.3) 7-8
Koppelvanne (22.4) 10
Korrekte aanhaling (19) 9
Kursivering (15) 8

**L**

Liggame wat publiseer (32) 12

**M**

Meer as drie outeurs (4.1-4.3) 6
Meer as een boek deur een outeur in dieselfde jaar geskryf (1.5) 5
Meer as een skrywer (2-4) 5-6; (24-27) 10-11
- met dieselfde van (1.3-1.4) 5; (25) 10
Multivolumewerke

- datums (39) 12-13
- een outeur in een jaar (1.6) 5
- verwysing (42) 13
- verwysing na een boekdeel (43) 13

**N**

Naam van outeur onbekend (8) 7;  (33) 12;  (35) 12
Naam van plek onbekend (47) 13
Naam van universiteit (37) 12; (59.1) 15; (61.2) 17; (63) 17
Naam van uitgewer onbekend (50) 14
Nommer van tydskrif (54) 14

**O**

Onbekende outeur (8) 7;  (33) 12;  (35) 12
Onbekende plek (47) 13
Onbekende uitgewer (50) 14
Onderhoude (64) 17-18
Ongepubliseerde werke (36) 12
Opsomming in Afrikaans en in Engels (73) 20-21
Outeur(s)
- bekende outeur, plus redakteur (29) 11
- bydrae in werk met 'n redakteur (30) 11
- dieselfde van (7) 7;  (22.1) 10;  (25) 10
- dieselfde van en voorletter(s) (22.2) 10
- drie (3.1-3.2) 6;  (26) 11
- een (1.1-1.9) 5;  (23) 10
- in ensiklopedie (34) 12
- nie bekend nie (8) 7;  (33) 12;  (35) 12
- koerante (11.1-11.2) 7
- twee (2) 5,6;  (24) 10
- tydskrifte (11.1-11.2) 7
- vier of meer (4.1-4.3) 6;  (27) 11

**P**

*Pdf*-dokumente (60) 16
Plek onbekend (47) 13
Plek:  uitgewer (37) 12,13
Plek van verwysing (1.8-1.9) 5
Populêre tydskrifte (56) 15
Proefskrif (37) 12
Publikasies van liggame (32) 12
Punt - waar plaas? (16) 8;  (20) 9

**R**

Redakteur
- basiese reël (5) 6;  (28) 11
- geen (4.1) 6;  (27) 11
- haal 'n paar bydraers uit dieselfde werk aan (31) 11
- van werke van bekende outeur (29) 11
- verwysing na 'n bydrae in die werk (6) 7;  (30) 11

Reeks (51) 14
Religieuse tekste (65) 18
Ronde hakies (51) 14; (57-58) 15; (61-70) 16-20

**S**

"s.a." (38) 12
Skrywer nie in tydskrif vermeld nie (56) 14-15
Skuins (36-37) 12
"S.l." (47) 13
Slapband (46) 13
Spasies (13.3) 8
Spelfoute (19) 9
Stel boeke (39) 12-13; (40) 13
"s.v." (34) 12

**T**

Titel (41) 13; (53) 14
Twee outeurs (2) 5-6; (24-25) 10
Twee outeurs met dieselfde van in publikasies van dieselfde jaar, (7) 7
Twee uitgewers (49) 14
Tydskrifte (11) 7
- artikels (52) 14
- datum (55) 14
- nommers (54-55) 14
- outeur bekend (11.1) 7
- outeur onbekend (11.2) 7; (56) 14-15
- populêre (56) 14-15
- skrywer nie vermeld nie (56) 14-15; (11.2) 7
- titels (53) 14

**U**

Universiteit (37) 12; (59.1) 15; (61.2) 17; (63) 17
Uitgawe (44) 13
Uitgewer (48) 13-14
- onbekend (50) 14
- twee (49) 14

**V**

"Van der..." (22.3) 10
Verdere drukke (9) 7
Verskil tussen 1996a en 1996,1 (71) 20
Verspreid - artikel in tydskrif (55) 14
Verwysing na een bron in sy geheel (1.7) 5
Video (69-70) 19-20
Vierkantige hakies (14) 8; (38) 12; (46) 13; (58-61) 15-17; (67-70) 18-20
Vier of meer outeurs (4.1-4.3) 6
Volgorde in bronnelys (21.2) 10
Vonkpos (68) 19
Voorletters gebruik (7) 7; (22.1) 10

**W**

Waar kom punt? (16) 8
Webwerwe (67) 18-19
Woordeboeke (66) 18
Wysiging in aanhaling (14) 8

**Y**

Youtube-video (70) 19-20

1965;  1965b - (1.5) 5
1965, 3;  1965, 4 - (1.6) 5;  Beklemtoning van verskil tussen 1996 a en 1996,1 op p. 16
&-teken (2) 5,6